

Dinsdag 10 September

Skrifgedeelte: Romeine 6:12-14

Fokusgedeelte: Romeine 6:12-14

Vrygemaakte mens: Dien die Here met alles wat jy is en het!

Christus het ons vrygemaak van die sonde, en nou lewe ons vir God! Geheel en al! Jesus het gesê: Julle kan nie God en Mammon dien nie! Die ryk jongman van Lukas 18 het vir Jesus gesê dat hy al die voorskrifte van die wet nagekom het, maar Jesus het geweet daar is nog een ding in sy lewe wat kortkom. Hy moes sy liefde vir geld prysgee om daarmee sy hele lewe onder God se heerskappy te plaas. En hy kon nie.

Ons mag nie toelaat dat die sonde nog 'n enkele, klein deeltjie van my lewe beheers nie. Die skrywer plaas hier geweldig baie klem op volledige diens aan God, en gebruik 'n mens se liggaam as metafoor om te verduidelik wat hy bedoel. Nie eers 'n deel van jou lewe so klein soos jou pinkie se nael mag nog deur die sonde beheers word nie. Nee, geen deel van jou liggaam mag nog in diens van die sonde wees nie! Jy moet die Here dien met jou hele liggaam – met alles wat jy is en het!

Is dit waar van my en jou lewe? Is daar nie dalk nog 'n deeltjie van ons lewe wat ons onder Satan se heerskappy gelos het nie? Al is dit net 'n klein dingetjie waarmee ons hom nog dien? As dit wel so is, moet ons ons nou bekeer en ook daardie klein deeltjie onder die heerskappy van Christus stel en God daarmee dien.

Ondersoek jouself en maak seker dat jy nie tog nog twee base dien nie! Jy is deur die genade in Christus vry en in staat om die Here jou God met jou hele lewe te dien. Nou kan jy elke deel van jou lewe gebruik om die wil van God te doen en Hom daarmee te verheerlik.

Sing: Psalm 139-1:12

Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)